

29 Augustus 1 Korintiërs 3:9-23, (Teks: 3:23)

Julle behoort aan Christus en Christus aan God

Is ons sorgeloos hieroor? Een van die treffendste verskille tussen die ware en die valse belyers kom gewoonlik uit in hulle optrede nadat hulle sonde gedoen het. Die ware gelowige ervaar werklik diep berou. Hy probeer werklik om tot bekering te kom ten opsigte van die dinge wat hy besef dat hy foute maak en verkeerd doen. Hy verstaan dat sy verlossing met die bloed van Christus betaal is en die besef daarvan laat hom letterlik wegvlug van dinge af wat hom besoedel.

Hierdie leer van "behoort aan Christus" maak nie sorgelose mense nie. Die gelowige wat die Here Jesus, aan wie hy behoort, opreg ken, leef glad nie roekeloos nie. Hy rig sy lewe op nougesetheid. Hy streef na die hoogste mate van pligsgetrouheid wat binne sy bereik is. Hy verkwis nie geleenthede wat die Here hom bied om reg te leef en tot eer van God teen die sonde te staan nie.

Om aan Jesus te behoort, beteken nie dat ons nie liggaamlike pyn of marteling sal oorkom nie. 'n Deel van daardie beskikking is dat jy aan Jesus Christus behoort en dat God se raadsplan so ingerig is dat niks jou kan oorkom wat jou kragte kan oorskry nie. U hoef die oordeel van God nie te vrees nie, want Christus het vir al u sondes ten volle betaal. Daarom het Hy ook sy Heilige Gees na u toe gestuur om u van harte bereid en gewillig te maak om vir Hom te lewe.

Dr. M.J. du Plessis (Kemptonpark)